

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 11

5 April 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Ek vertrou dat almal ’n heerlike ruskansie geniet het saam met familie en vriende.

Hier staan ons aan die begin van die tweede kwartaal met al sy uitdagings. Ek is egter baie opgewonde oor die kwartaal wat voorlê en weet sommer dat ons met u ondersteuning weereens tot hoë hoogtes sal uitstyg.

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Calvin van der Walt in graad 7E en sy familie met die heengaan van sy ouma gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

SKOOLDRAG
Ons bevestig net weer dat die leerders nog steeds somersdrag aantrek. Ons sal mettertyd vir die kinders ‘n spesifieke datum gee wanneer wintersdrag verpligtend sal wees.

OUERAAND
U het reeds ‘n brief waarop u moes aandui hoe laat u die klasonderwyser/es Maandag, 8 April wil sien, ontvang. Die bevestigings van die tye vir die afsprake is reeds aan u teruggestuur. Onthou asseblief om die belangrike geleentheid by te woon.

Van u het die brief saam met die rapport ontvang om die onderwysers te kom sien. Dit is van uiterste belang dat u van die geleentheid gebruik maak om probleemareas aan te spreek. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel wil dankie sê vir hulle harde werk.

PERSONEEL
Ons wil die onderstaande onderwysers hartlik verwelkom. Ons hoop dat hulle werklik gelukkig by Laerskool Newtonpark sal wees:

Juf. Carike Smith – Graad 1
Juf. Lydia Seaman – Graad 2
Juf. Ischke Strydom – Graad 4
Mnr. Gerhard Grundlingh – Rekenaars

KOMMUNIKASIE MET OPVOEDERS
Dit is vir ons uiters belangrik dat daar oop en duidelike kommunikasiekanale tussen ouers en opvoeders bestaan. Ongelukkig het die opvoeders nie altyd die tyd om lang briewe te skryf nie en is dit ook soms moeilik om dadelik terug te skakel, as gevolg van ‘n vol program. Die maklikste is om ‘n briefie saam met u kind te stuur waar u die aangeleentheid onder die opvoeder se aandag bring. Indien nodig, sal die opvoeder dan op een of ander wyse met u kontak maak.

Indien dit vir u baie belangrik is dat ‘n opvoeder u kontak, reël dit asseblief deur die kantoor. U kan inbel en dit versoek of ‘n e-pos stuur waarin u dit versoek. Indien u dan nie binne 2 dae reaksie ontvang het nie, kontak my direk asseblief. Opvoeders mag, soos dit hul pas, ander informele wyses van kontak met u bespreek het. U is welkom om daarmee voort te gaan. Wees asseblief billik in u eise. Onthou die opvoeders het ‘n vol program en ook ‘n privaatlewe, moet hulle dus nie by hulle huise probeer kontak nie. Hulle SAL u betyds kontak indien u kind ‘n groot probleem het. Let wel, die kommunikasiekaart is ‘n belangrike eerste lyn van kommunikasie vanaf die opvoeder aan u.

KOSPAKKIES
Ons wil u vriendelik vra om vir u kind ‘n goed, gebalanseerde kospakkie skooltoe in te pak. Om werklik hul beste te gee moet die leerlinge goed eet. Ons versoek u ook vriendelik om die kospakkies saam met die leerlinge te stuur en dit nie voor pouse by die sekretaresses af te lewer nie. Dit skep net probleme.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Die 12de April is dit weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat elke eerste Vrydag van die maand, om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was verlede kwartaal baie goed ondersteun en ons sien uit daarna om hierdie kwartaal selfs meer paartjies op die “baan” te sien.

TENNIS: MUSIC TRIVIA
Graag vestig ons solank u aandag op 3 Mei 2019 wanneer ons Tennis Music Trivia gaan plaasvind. Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

HOPE FOR KIDS FUN RUN
Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het aan die pretloop wat op 21 Maart in die vakansie plaasgevind het. Ons skool het die prys van R5000 met die meeste inskrywings gewen.

VOLKSKOOL-SPORTDAG
U gaan binnekort ‘n skrywe ontvang om hulp aan te bied vir ons jaarlikse sportdag teen Volkskool op 27 April. Elke graad is verantwoordelik vir ‘n stalletjie:

Graad R : Lekkergoed
Graad 1 : Slap chips
Graad 2 : Koeldrank
Graad 3 : Koffiepot
Graad 4 : Pannekoek
Graad 5 + 6 : Vleispaleis
Graad 7 : Kaartjies

Ons vertrou dat ons op soveel ouers as moontlik kan staatmaak om iewers betrokke te raak om van die dag ‘n groot sukses te maak.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help, (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet my asseblief wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam verskaf, en/of bewys na fin@lnpark.co.za e-pos.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal ‘n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

God se genade en mag is so groot dat ‘n mens nooit te veel daarvan kan vra nie.
John Newton

Gebed is om God te vra om die wêreld ten goede te verander met die volle wete dat dit by jouself sal moet begin.
Mahatma Gandi

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 8 April	:	Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00**
Di – 9 April	:	Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Skaak: graad 1 – 2 **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7 **14:20 – 15:15** Finansiële kommiteevergadering : **16:30**
Wo – 10 April	:	Klerewinkel: ***12:00-14:30*** Rugby: 0/13A teen Parsons Hill **14:30** (t) Rugby: 0/11A teen Walmer-Wes **15:15** (w) Rugby: 0/9A teen Mount Pleasant **14:30** (w)
Do – 11 April	:	Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 12 April	:	Klerewinkel: ***07:30-12:00*** Drama graad R – 2: **12:45-13:30** Drama graad 3 – 7: **12:45-13:45** Eko-Newtons
Sat – 13 April	:	Charlo 7's netbal: 0/13A

SPORT & KULTUUR

NETBAL DISTRIKS-PROEWE: 0/12 & 0/13
Hartlik geluk aan Mikayla Schoultz wat op Woensdag, 3 April aan die distriksproewe deelgeneem het en ook deurgedring het na die metro-proewe wat op 10 April gaan plaasvind.

SWEM
Juwan Wium in graad 7D het vanaf 28-31 Maart 2019 aan die SSA (Swem Suid Afrika) se vlak 3 swemkampioenskappe in Oudtshoorn, deelgeneem.

Juwan het ingeskryf vir 9 swem-items en vir al 9 finale gekwalifiseer.

Juwan het aan die volgende items deelgeneem en persoonlike beste tye (PB's) in al sy items behaal asook die 200m borsslag met meer as 5 sekondes gewen.

Hy het die volgende medaljes gewen:
50m Borsslag: 2de plek - silwer
100m Borsslag: 1ste plek - goud
200m Borsslag: 1ste plek - goud
50m Rugslag: 3de plek - brons
100m Rugslag: 6de plek
50m Vlinderslag: 3de plek - brons
50m Vryslag: 4de plek
100m Vryslag: 5de plek
200m Vryslag: 7de plek

Baie geluk met hierdie puik prestasies!

HOPE FOR KIDS FUN RUN

Migael van Rooyen in graad 3H en Christiaan van Rooyen in graad R2 het op 21 Maart 2019 aan die 5km Hope for Kids Fun Walk by Londt Park deelgeneem. Hulle het elkeen 'n medalje ontvang en Christiaan het die gelukkige trekking van R1000 gewen. Baie geluk!